MARLOTH PARK HONORARY RANGERS/EREVELDWAGTERS
☎ 060 675 7275
www.marlothparkhonoraryrangers.co.za

Baboon Cages
The Good The Bad The Ugly

Baboon cages are used by Marloth residents and visitors alike, but poor discipline has seen them become a liability.

The Good

Cages should be of adequate size and properly maintained. Access for primates should be impossible using locks or secure lids. Should be designed so that refuse cannot be pulled through metal grids or wood slats. Lining inside with chicken wire gives added protection. Overflow should be taken to the refuse collection points at either gate, not placed next to the cage. All refuse should be in correct refuse bags, no loose cans, bottles, nappies etc. Owners should ensure visitors are aware of protocol.

The Bad

Badly fitting or no lids. Damaged cages. Refuse not in bags. Refuse left on top or next to cages. Poor design.

The Ugly

Refuse strewn all over Marloth. Dilapidated rusting cages. Animals injured as a result of refuse in the veld. Poor image for Marloth. Lack of responsibility. Loose items of refuse remaining in cages are not the responsibility of the waste removers, and remain rotting for weeks.

Please assist. We all have a responsibility to make the scourge of unsightly refuse and injured animals a thing of the past. Items that can be re-cycled i.e. cardboard, cans and suitable plastic and Styrofoam trays can be dropped off at the gates where it will be sorted.

Bobbejaanwerende vullishokke ("Baboon cages")
Die goeie Die slegte Die liederlike

Bobbejaanwerende vullishouers, "baboon cages", word in die algemeen gebruik deur Marlothpark se inwoners en besoekers, maar 'n gebrek aan dissipline het die houers in 'n bron van ergernis laat ontaard.

Die Goeie

Bobbejaanhokke moet die nodige grootte hê en behoorlik onderhou word. Slotte of stewige metaalklappe moet dit onmoontlik maak vir lede van die aapgeslag om toegang te verkry. Dit moet so ontwerp wees dat vullis nie deur die ystersparre uitgeryg kan word nie. Deur die binnekant met hoenderdraad uit te voer, gee addisionele beskerming. Surplusvullis moet na die versamelpunte by een van die twee ingange geneem word en nie langs die hok neergesit word nie. Alle vullis moet in die korrekte sakke geplaas word, geen los blikke, bottels, luiers en ander items nie. Eienaars moet seker maak dat besoekers vertroud is met dit wat as aanvaarbare gedrag beskou word.

Die Slegte

Klappe wat totaal ontbreek of nie behoorlik pas nie. Beskadigde hokke. Vullis wat los lê of wat bo op of langs hokke neergesit word. Swak ontwerp.

Die Liederlike

Vullis wat oral in Marlothpark rondgestrooi lê. Stukkende en geroeste hokke. Diere beseer as gevolg van vullis in die veld. Swak beeld van Marloth. Gebrek aan verantwoordelikheid. Los vullis wat oorbly is nie die verantwoordelikheid van vuilgoedverwyderaars nie. Die afval word net so gelaat om te verrot, soms oor 'n tydperk van weke.

Wees asseblief behulpsaam. Dit is almal se verantwoordelikheid om die onooglike vullis en beseerde diere iets van die verlede te maak. Items wat herwin kan word, soos karton, blikke, die regte soort plastiek en polistireenskuimvoorwerpe (Styrofoam) kan by die hekke afgelaai word, waar dit uitgesorteer sal word.